

Ry jy met die N2 uit Jeffreysbaai in Humansdorp se rigting Kaap toe, wys 'n brug en 'n klein bordjie jou die rigting na Stormsrivier. **MARYKE ROBERTS** het hier agter plattelandse gasvryheid aangery en ja, vasgeval.

# Vintage in Tsitsikamma

Die Stormsrivier-dorpie is 'n klein plekkie met al die funksionele noodsaaklikhede: 'n paar besighede, 'n hotel, gastehuise, restaurante en internetkafees. Alles is pragtige houtgeboue met grasdakke en deftige gasperke – heel gepas in die ruie Tsitsikamma-woude wat laat sogens nog mis tussen die digte bome vashou.

Maar om die draai, neffens die hotel, wag "Chroom-en-Vin-stad", asof jy nou net in die 1950's afgedraai het Las Vegas in.

Die nuutste toevoeging tot die dorpie is Jan en Ann du Rand se restaurant, roomswinkel, uitstalling veteraanmotors en allerhande Elvis- en Marilyn Monroe-memorabilia. Daar is die Marilyn's 60's Diner, die Rock 'n Roll Store en die Cadillac Shack ...

Terwyl ons die wêreld gade slaan van agter 'n egte Amerikaanse burger, dubbeldik melkskommels en *banana splits* (piesangroomys) kom gesels Jan by ons tafel. Ons het op die spyskaart gesien hulle adverteer die Elvis-fees van 29 April tot 2 Mei 2011 en ons vra uit.

"Die ding van die Elvis-fees stoei al vir meer as tien jaar met my.

"Verlede jaar het ons dit by die Tsitsikamma-hotel gehou, met groot tente op die grasperk en kostuums en pruikie en Elvis- en Marilyn-huldesangers. Meer as 1500 mense het saamgetrek."

Jan het 30 jaar lank die hotel besit. "Ek moes gedurig mense van die hotel af bring na my stookkamer om my versameling ou motors te kom wys, toe vat die idee van 'n restaurant pos. Met die fees het my droom waar geword en vanjaar bied ons dit nou by my eetplek aan, nog 'n droom wat waar geword het."

Jan du Rand het tien veteraanmotors, waarvan vyf volledig gerestoureer is. Hy het drie Cadillacs en sewe Chevy's, almal van



Jan du Rand by van die rock 'n roll-memorabilia teen die muur.

die vin-era, van daar die restaurantkompleks se naam.

Hy maak al jare lank die memorabilia bymekaar. Sy nuwe projek is die perfekte troue tussen sy liefde vir Marilyn en Elvis en sy vrou se liefde vir goeie kos. Ann het ure se navorsing gedoen om die outentieke spyskaart saam te stel en met haar internasionale kookervaring die resepte te vervolmaak.

Elvis Presley se stem spoel uit oor die stoep.

Hoewel keer was hy al in Memphis of Las Vegas vir idees vir sy *diner*? "Nog nooit, dis een van my drome ..." sê hy terwyl hy langsaam aan sy koffie suig.

## NOG KONTEIKOS

As jy die dorpie uitry, terug in Jeffreysbaai se rigting, terug oor die Stormsrivierbrug, draai jy af na Finebush Farm se padstal en kontreikombuis – 'n plaasstal en plattelandse restaurant met geen gelyke nie.

Die winkel is stil. Tussen flesies konfyet en blatjang lê 'n kat opgekruel. In die skaduwee lê twee honde uitgestrek op die koel seiment. Die rankplante groei ruig.

'n Vriendelike kennisgewing maan jou aan om net hard te roep, almal woel in die kombuis! Ons roep en Bronwyn Stanley kom te voorskyn, vee haar hande aan haar voorskoot af.

Die reuk van karamel en suiker kom saam met haar uit die kombuis. Sy was net besig om die jongste baksel fudge te sny, vertel sy.

"Julle wil seker van ons lekker kase proe, voor ek julle verlei met ons kaaskoek of sjokoladekoek en moerkoffie," gesels sy.

Die kaas is die beste van Fynboshoek, Gay's Dairy van Prins Albert, De Pekelaar, fetakaas van Eersterivier, Kleinrivier van Stanford. "En jy het nog nie geleef



Bronwyn Stanley by van die lekkernye in die Finebush Farm Padstal.

as jy nie Tantinki se bokballetjies geproe het nie."

Huh?

Bokballetjies is bokmelkkaas van Oudtshoorn af wat met kruie ingelê word en soos dik smeerkaas op warm roosterbrood wegsink.

Buite terg 'n kennisgewing oor die inwonende boomslang wat nie onlangs gesien is nie – so, geen kommer nie!

Bronwyn pak ons kartonboksie proviand – mostert, grondboontjebottersous, kaas, bokballetjies, konfyet, seep uit die Langkloof en een van hul stomende plaasbrode, terwyl ons smul aan *Welsh rarebit* met kaassous, ge-roosterde broodjies met sampioene, uie, salami en tuintamaties.

Ons hoor hoe daar by die tafel langsaan gesels word oor hoe "groen" die plaasstal is met sy wurmplaas en komposhoop. Hulle ontkiem ook hul eie slaai-spruite. Hul motto is: "Stadige kontreikos, as jy haastig is, moenie stop nie."

Op pad huis toe vroetel ons greting in die bruin kardoessakke agter die vars fudge aan. Wat 'n soete ervaring.

## Kitsfeite


- Tsitsikamma is die Khoi-Sanwoord vir 'n plek met baie water.
- Die dorpie Stormsrivier is 55 km van Plettenbergbaai en 112 km van Jeffreysbaai af.
- Bel die Finebush-plaasstal by ☎ 042 280 3503, besoek [www.tsitsikamma.info/finebush](http://www.tsitsikamma.info/finebush) of stuur e-pos na [finebush@iafrica.com](mailto:finebush@iafrica.com)
- Besoek [www.elvisfestival.co.za](http://www.elvisfestival.co.za) vir inligting oor die Elvis-fees of as jy troukarre wil huur, stuur e-pos na [info@elvisfestival.co.za](mailto:info@elvisfestival.co.za) of bel Jan du Rand by ☎ 082 452 3361.
- Die ruie Tsitsikammawoud is die ideale speelplek vir adrenaaliengedrifte. Jy kan op die rivier gly op 'n binneband, in die berge stap, oor 'n waterval en krans gly met 'n staal-foefieslaaid of hoog bo die bome swaai. Besoek [www.tsitsikamma.info](http://www.tsitsikamma.info) vir meer inligting oor wat alles daar te doen is. Vir inligting oor die foefieslaaid, besoek [www.tsitsikammaadventure.co.za](http://www.tsitsikammaadventure.co.za); vir die gly oor die boomtoppe besoek [www.treetoptour.com](http://www.treetoptour.com) of [www.stormsrivier.com](http://www.stormsrivier.com), en vir die ervaring van 'n leeftyd op die rivier in 'n binneband, besoek [www.blackwatertubing.net](http://www.blackwatertubing.net).



'n Plek gevul met nostalgie.



Die regte Amerikaanse burgers, *banana splits* (piesangroomys) en vet slaptjips by Marilyn's 60's Diner laat jou mond water, so saam met Elvis Presley se stem wat op die straat uitspoel. FOTO'S: CLIFFORD ROBERTS



Die Elvis-diner voer jou terug in die tyd.

# Enigiets kan gebeur

Sorg vir deeglike dekking wanneer jy reis

Kontak jou makelaar of reisagent of bel 011 521 4000

TIC  
TRAVEL INSURANCE CONSULTANTS  
Travel Assured  
Goedgekeurde Finansiële Diensverskaffer (FSP 15592)  
[www.tic.co.za](http://www.tic.co.za)

Underskryf deur  
santam  
Rus verseker

TIC18100A

Ry jy met die N2 uit Jeffreysbaai in Humansdorp se rigting Kaap toe, wys 'n brug en 'n klein bordjie jou die rigting na Stormsrivier. **MARYKE ROBERTS** het hier agter plattelandse gasvryheid aangery en ja, vaseval.

# Vintage in Tsitsikamma

Die Stormsrivier-dorpie is 'n klein plekkie met al die funksionele noodsaaklikhede: 'n paar besighede, 'n hotel, gastehuise, restaurante en internetkafes. Alles is pragtige houtgeboue met grasdakke en deftige gasperke – heel gepas in die ruie Tsitsikamma-woude wat laat sogens nougmis tussen die digte bome vashou.

Maar om die draai, neffens die hotel, wag “Chroom-en-Vin-stad”, asof jy nou net in die 1950's afgedraai het Las Vegas in.

Die nuutste toevoeging tot die dorpie is Jan en Ann du Rand se restaurant, roomswinkel, uitstalling veteraanmotors en allerhande Elvis- en Marilyn Monroememorabilia. Daar is die Marilyn's 60's Diner, die Rock 'n Roll Store en die Cadillac Shack ...

Terwyl ons die wêreld gade slaan van agter 'n egte Amerikaanse burger, dubbeldik melkskommels en *banana splits* (piesangroomys) kom gesels Jan by ons tafel. Ons het op die spyskaart gesien hulle adverteer die Elvis-fees van 29 April tot 2 Mei 2011 en ons vra uit.

“Die ding van die Elvis-fees stoei al vir meer as tien jaar met my. “Verlede jaar het ons dit by die Tsitsikamma-hotel gehou, met groot tente op die grasperk en kostuums en pruike en Elvis- en Marilyn-huldesangers. Meer as 1500 mense het saamgetrek.”

Jan het 30 jaar lank die hotel besit. “Ek moes gedurig mense van die hotel af bring na my stoorkamer om my versameling ou motors te kom wys, toe vat die idee van 'n restaurant pos. Met die fees het my droom waar geword en vanjaar bied ons dit nou by my eetplek aan, nog 'n droom wat waar geword het.”

Jan du Rand het tien veteraanmotors, waarvan vyf volledig gerestoureer is. Hy het drie Cadillacs en sewe Chevy's, almal van die vin-era, van daar die restaurantkompleks se naam.

Hy maak al jare lank die memorabilia bymekaar. Sy nuwe projek is die perfekte troue tussen sy liefde vir Marilyn en Elvis en sy vrou se liefde vir goeie kos. Ann het ure se navorsing gedoen om die outentieke spyskaart saam te stel en met haar internasionale kookervaring die resepte te vervolmaak.

Elvis Presley se stem speel uit oor die stoep. Hoeveel keer was hy al in Memphis of Las Vegas vir idees vir sy *diner*? “Nog nooit, dis een van my drome...” sê hy terwyl hy langsaam aan sy koffie suig.



Ann du Rand, mede-eienaar, by 'n ou Cadillac in Marilyn's Diner.

FOTO: MARISKA SPOORMAKER

Elvis Presley se stem speel uit oor die stoep.

Hoeveel keer was hy al in Memphis of Las Vegas vir idees vir sy *diner*? “Nog nooit, dis een van my drome...” sê hy terwyl hy langsaam aan sy koffie suig.

Elvis Presley se stem speel uit oor die stoep.

Hoeveel keer was hy al in Memphis of Las Vegas vir idees vir sy *diner*? “Nog nooit, dis een van my drome...” sê hy terwyl hy langsaam aan sy koffie suig.

## NOG KONTEIKOS

As jy die dorpie uitry, terug in Jeffreysbaai se rigting, terug oor die Stormsrivierbrug, draai jy af na Finebush Farm se padstal en kontreikombuis – 'n plaasstal en plattelandse restaurant met geen gelyke nie.

Die winkel is stil. Tussen flesies konfyt en blatjang lê 'n kat opgekrul. In die skaduwee lê twee honde uitgestrek op die koel sement. Die rankplante groei ruig.

'n Vriendelike kennisgewing maan jou aan om net hard te roep, almal wool in die kombuis! Ons roep en Bronwyn Stanley kom te voorskyn, vee haar hande aan haar voorskoot af.

Die reuk van karamel en suiker kom saam met haar uit die kombuis. Sy was net besig om die jongste baksel fudge te sny, vertel sy. “Julle wil seker van ons lekker kase proe, voor ek julle verlei met ons kaasboek of sjokoladekoek en moerkoffie,” gesels sy.

Die kaas is die beste van Fynboshoek, Gay's Dairy van Prins Albert, De Pekelaar, fetakaas van Eersterivier, Kleinrivier van Stanford. “En jy het nog nie geleef



Bronwyn Stanley by van die lekkernye in die Finebush Farm Padstal.

FOTO: CLIFFORD ROBERTS

as jy nie Tantinki se bokballetjies geproe het nie.”

Huh? Bokballetjies is bokmelkkaas van Oudtshoorn af wat met kruie ingelê word en soos dik smearkaas op warm roosterbrood wegsink.

Buite terg 'n kennisgewing oor die inwonende boomslang wat nie onlangs gesien is nie – so, geen kommer nie!


Bronwyn pak ons kartonboksie proviand – mostert, grondboontjiebottersous, kaas, bokballetjies, konfyt, seep uit die Langkloof en een van hul stomende plaasbrode, terwyl ons smul aan *Welsh rarebit* met kaasous, ge-roosterde broodjies met sampioene, uie, salami en tuintamaties.

Ons hoor hoe daar by die tafel langsaan gesels word oor hoe “groen” die plaasstal is met sy wurmplaas en komposhoop. Hulle ontkiem ook hul eie slaai-spruite. Hul motto is: “Stadige kontreikos, as jy haastig is, moenie stop nie.”

Op pad huis toe vroetel ons gretig in die bruin kardoessakkie agter die vars fudge aan. Wat 'n soete ervaring.

## Kitsfeite

- Tsitsikamma is die Khoi-Sanwoord vir 'n plek met baie water.
- Die dorpie Stormsrivier is 55 km van Plettenbergbaai en 112 km van Jeffreysbaai af.
- Bel die Finebush-plaasstal by ☎ 042 280 3503, besoek [www.tsitsikamma.info/finebush](http://www.tsitsikamma.info/finebush) of stuur e-pos na [finebush@iafrica.com](mailto:finebush@iafrica.com)
- Besoek [www.elvisfestival.co.za](http://www.elvisfestival.co.za) vir inligting oor die Elvis-fees of as jy troukarre wil huur, stuur e-pos na [info@elvisfestival.org](mailto:info@elvisfestival.org) of bel Jan du Rand by ☎ 082 452 3361.
- Die ruie Tsitsikammawoud is die ideale speelplek vir adrenaliengesdriftiges. Jy kan op die rivier gly op 'n binneband, in die berge stap, oor 'n waterval en krans gly met 'n staal-foefieslaaid of hoog bo die bome swaai. Besoek [www.tsitsikamma.info](http://www.tsitsikamma.info) vir meer inligting oor wat alles daar te doen is. Vir inligting oor die foefieslaaid, besoek [www.tsitsikammaadventure.co.za](http://www.tsitsikammaadventure.co.za); vir die gly oor die boomtoppe besoek [www.treetoptour.com](http://www.treetoptour.com) of [www.stormsrivier.com](http://www.stormsrivier.com), en vir die ervaring van 'n leedyd op die rivier in 'n binneband, besoek [www.blackwatertubing.net](http://www.blackwatertubing.net).



Jan du Rand by van die rock 'n roll-memorabilia teen die muur.



Die regte Amerikaanse burgers, *banana splits* (piesangroomys) en vet slaptjips by Marilyn's 60's Diner laat jou mond water, so saam met Elvis Presley se stem wat op die straat uitspoel. FOTO'S: CLIFFORD ROBERTS



Die Elvis-diner voer jou terug in die tyd.

# Enigiets kan gebeur

## Sorg vir deeglike dekking wanneer jy reis

Kontak jou makelaar of reisagent of bel 011 521 4000



Travel Assured

Goedgekeurde Finansiële Dienverskaffer (FSP 15592)

[www.tic.co.za](http://www.tic.co.za)

Underskryf deur



Rus verseker

TIC1819A